



# BESKERMING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE VERKIESING



## FACEBOOK TREE DAADWERKLIK OP

Facebook is 'n plek vir egte dialog, en ons glo dat mense meer aanspreeklik is vir hul optrede as hulle hul regte identiteit gebruik. Tydens verkiesings skuil mense met duister motiewe agter vals rekeninge. Dit is hoekom ons só daarop fokus om hierdie vals rekeninge en hul aktiwiteit van ons platform af te hou.

## VASVAT VAN VALS REKENINGE

Ons belê in beide tegnologie en mense om vals rekeninge te vind en te verwyder. Ons het ons sekerheidspan van 10 000 na 30 000 verdriedubbel; dit sluit inhoudnasieners, stelselgenieurs en sekerheidskenners in.

Deur tegnologie soos kunsmatige intelligensie in te span kan ons meer kwaaddoeners proaktief uitsnuffel en vinniger optree. Ons gebruik kunsmatige intelligensie om meer as 99,6% van vals rekeninge te identifiseer nog voor dit gerapporteer word.



## VERMINDERING VAN FOPNUUSVERSPREIDING

Facebook is ontwerp as 'n plek om kontak te hou met vriende en familie. Die afgelope jare het ons platform ook 'n plek geword waar mense die jongste nuus kan kry. Fopnuus is sleg vir mense en sleg vir Facebook. Ons belê aansienlik daarin om te keer dat dit versprei, en om joernalistiek van hoë gehalte en nuusgelettertheid te bevorder.

### Vermindering van fopnuusverspreiding en vals inhoud

Baie van die vals inligting op Facebook word om finansiële redes versprei, daarom poog ons hard om klikaas, skakels wat gereeld deur gemorsposverspreiders gedeel word en skakels na laegehaltewebblaaie te penaliseer. Ons pogings om fopnuus te bestry verbeter voortdurend. Ons volg 'n driestapbenadering om die gehalte en egtheid van die stories in Nuusbrokkies te verbeter.

Eerstens verwyder ons inhoud wat ons gemeenskapstandaarde oortree, wat help om die veiligheid en sekerheid van die platform te beskerm. Ons gemeenskapstandaarde kan besigtig word by [facebook.com/communitystandards](https://www.facebook.com/communitystandards) **facebook.com/communitystandards**

Wat inhoud betref wat nie ons gemeenskapstandaarde direk oortree nie, maar nog steeds die integriteit van die platform ondermyn, verminder ons die verspreiding daarvan deur dit af te merk in die Nuusbrokkies.

Laastens lig ons mense in deur meer konteks te verskaf oor die inligting wat hulle in Nuusbrokkies sien. Hierdie konteks-eenhede is 'n voorbeeld van 'n produk waar ons vir mense bykomende inligting gee deur meer detail oor die artikel en die uitgewer te deel.

## ONDERSTEUNING VAN 'N INGELIGTE KIESERKORPS

Mense gebruik Facebook klaar om oor politiek en sake wat hul na aan die hart lê te praat, en om met hul verkose verteenwoordigers te kommunikeer. Ons wil hulle ondersteun en dit makliker maak om te stem en om betroubare inligting te bekom.



### Bevordering van Digitale Geletterdheid en Hulp aan Mense om Fopnuus Te Bespeur

Ons wil seker maak dat mense fopnuus kan uitken en weet hoe om dit te merk. Dit is hoekom ons leersame wenke oor nasionale en streeksradio, en in drukmedia regdeur Suid-Afrika geplaas het. WhatsApp het ook 'n "Deel Feite, Nie Gerugte Nie"-veldtog in Suid-Afrika van stapel gestuur om bewustheid oor bogstories te verhoog.



### Joernalis-opleiding

Ons lei deurlopend mediagroepie en joernaliste regdeur die land op in beste praktyk wat inhouddeling op ons platforms en aanlyn veiligheid betref. Ons verskaf ook opleiding oor ons Gemeenskapstandaarde, wat reguleer wat op ons platform toegelaat word al dan nie.



### Vennootskappe met NRO's en die Burgerlike Samelewing

Ten einde plaaslike kwessies – en hoe om dit te benader – beter te verstaan, pleeg ons dikwels oorleg en werk ons saam met 'n groot aantal vennote uit NRO's en die Burgerlike Samelewing regdeur Suid-Afrika. Hierdie plaaslike vennote was instrumenteel om vir ons terugvoer te gee wat ons by ons beleidstukke en programme ingewerk het.



### Bevordering van Burgerlike Betrokkenheid

'n Kerndeel van ons werk in verkiesingstyd is hulpverlening om ingeligte en burgerlik betrokke gemeenskappe te versterk. Ons stel deurlopend opsies bekend sodat mense plasinge kan rapporteer wat foutiewe verkiesingsinligting bevat, geweld aanmoedig of ons Gemeenskapstandaarde andersins oortree.



### Verkiesingsdag-aanmaning


Tydens die Suid-Afrikaanse verkiesing op 8 Mei sal ons mense deur middel van 'n kennisgewing bo-aan hul Facebook-nuusbrokkies herinner dat dit tyd is om te stem.

## BELEMMERING VAN KWAADDOENERS

Wanneer kwaaddoeners met opset politieke menings met vals of verdelende inhoud manipuleer, benadeel dit ons almal en ondermyn dit die integriteit van ons demokratiese verkiesings. Ons wil hê Facebook moet in verkiesingstyd 'n plek wees waar mense akkurate inligting kan kry en hul stemme kan laat hoor oor sake wat hulle na aan die hart lê.

Ons sekerheidspan werk volstoom om ons aan die voerpunt te hou en platformmisbruik te ontbloot. Ons het duisende blaaië, groepe en rekeninge verwyder wat hulle aan gekoördineerde misleidende gedrag op al ons platforms skuldig gemaak het. Ons is daartoe verbind om verbeterings aan te bring en wêreldwyd sterker vennootskappe te smee om hierdie aktiwiteit meer doeltreffend te bespeur en te stuit.

Ons weet ons kan dit nie alleen regkry nie. Daarom werk ons saam met regerings, kenners en bedryfsvennote om te monitor hoe mense Facebook en ander platforms in verkiesingstyd gebruik. Ons gebruik daardie inligting om die bedreiging van buitelandse inmenging deur enige land beter te identifiseer en te verminder.



## OM ADVERTENSIES EN BLAAIE DEURSIGTIGER TE MAAK

Wat advertensies op Facebook betref, behoort mense te kan onderskei wie die adverteerder is, en die advertensies te sien wat hulle plaas, veral advertensies wat met politiek verband hou. Daardie vlak van deursigtigheid is goed vir demokrasie en dit is goed vir die verkiesingsproses. Deursigtigheid help almal, veral politieke moniteringsgroepe en verslaggewers, om adverteerders aanspreeklik te hou vir die identiteit wat hulle voorhou, en vir wat hulle aan verskillende groepe sê.

Wat bladdeursigtigheid betref, doen ons die volgende stappe:

### Besigtig Aktiewe Advertensies

Ons het advertensies vir alle blaaië deursigtiger gemaak, nie net vir dié wat politieke advertensies plaas nie. Jy kan nou die advertensies sien wat 'n blad op Facebook, Instagram, Messenger en ons vennootnetwerk plaas, selfs al word daardie advertensies nie vertoon nie.

### Meer Bladinligting

Ons gee ook vir mense meer inligting oor blaaië sodat hul kan verstaan wie agter daardie inhoud sit en wie agter die advertensies sit. Ons begin by die datum waarop die blad geskep is en enige naamsveranderinge wat onlangs aangebring is.

### Hantering van Oortredings

Ons volg nuwe stappe in die hantering van bladinhoud wat teen ons beleidstukke indruis. Mense wat 'n blad bestuur, sien nou 'n nuwe oortjie wat wys wanneer ons sekere inhoud verwyder wat teen ons Gemeenskapstandaarde indruis, en wanneer ons die verspreiding van plasinge verminder wat deur 'n derdeparty-feitnasiener as vals gemerk is.

### Vermindering van Gewoonte-oortreders

Ons het ook ons gewoonte-oortredingsbeleid bygewerk om beter te keer dat diegene wie se blaaië weens die oortreding van Gemeenskapstandaarde verwyder is, duplikaatblaaië gebruik om dieselfde aktiwiteit voort te sit.